




# TJOKKIE- brokkies!



Uitgawe: 2/1/2018

Datum: 25 Januarie 2018

## Uit die kantoor:

Soos verlede jaar was dit 'n bitter droë kersseisoen en het daar niks van ons grasperke oorgebly nie. Ons boorgat het ook opgedroog en ons mag steeds geen munisipale water lei nie. Miskien moet ons maar leer om aan te pas en eerder dankbaar te wees dat ons fisiese fasiliteit eksie perfeksie is en dat ons onderwysers in die klasse het om ons kinders nog met die nodige liefde en toewyding te onderrig. Die Liewe Heer sal ons nie bo ons vermoëns beproef nie en die nodige uitkoms sal wel op SY tyd geskiet.

Ons het ook weer die afgelope week geboor vir water sonder enige sukses. Baie dankie aan die ouer wat vir die gat se kostes pa gestaan het. Gedurende die vakansie is daar ook "Whirly vent fans" in die saal aangebring om te help met die verkoeling gedurende saalbyeenkomste. Hierdie projek is ook deur 'n ouer geborg waarvoor ons baie dankie sê.

Die oueraande was goed ondersteun en as dit 'n aanduiding is van wat u betrokkenheid vanjaar gaan wees, kan dit met die skool net goed gaan.

Indien daar enigsins iets vreemds of nuut is waaroor u wonder, moet asb nie huiwer om my of die kantoor te skakel nie. Ons help graag.

Waardes:

Ons fokus die kwartaal op ons waarde van RESPEK .

## NUUS

### Leerderraadkamp

Ons 2018 spannetjie het 'n baie leersame kamp by Amanzi bygewoon. Baie dankie aan Young Entrepreneurs wat die program gefasiliteer het en mnr Antonie en juf Ursula vir hulle insette.

Dankie aan die ouers vir u ondersteuning en teenwoordigheid by die inlywingseremonie en lekker saam braai.

## BEHEERLIGGAAMVERKIESING

Kennis geskied hiermee van 'n BL verkiesing wat gehou sal word op Donderdag, 8 Maart. 'n Volledige skywe in die verband word volgende week aan u gestuur.

## VERJAARSDAE

24 Jan. Mnr Nico Buys, Gr 6.  
25 Jan: Juf Mandi Verwey (KS assistent)  
26 Jan: Juf Marietjie Barkhuizen, Gr 1  
27 Jan: Mirriam, ons nuwe assistent  
28 Jan: Juf Helena Potgieter (KS) verjaar.

Geluk aan juf. Sariana (3D) wat Desember 'n seuntjie ryker geword het. Geluk ook aan Mnr. Coomans en Ansie wat 'n kleinseun ryker geword het. Die Tjokkie-gemeenskap is saam met hulle opgewonde en bid vir goeie gesondheid.

## UITDEELSTUKKE

**Almanak.** Maak seker dat u die almanak wat uitgedeel is ontvang het. Hang dit iewers strategies in u huis op. Alhoewel ons ons bes probeer om by die datums te hou, gebeur dit somtyds dat ons, vanweë onvermydelike omstandighede, daarvan moet afwyk. By voorbaat verskoning.

**Nuusbriefe.** U ontvang elke Donderdag 'n nuusbrief per epos. Indien u epos-adres verander het, laat weet asb die kantoor. Hierdie brief word ook weekliks op die webblad geplaas. Tot tyd en wyl die eposadresse op die rekenaar geregistreer is ontvang u dit nog per hardekopie.

**Huiswerkboek.** Elke kind het een ontvang. Maak asb seker dat u die gedragkode daarin teken as bewys dat u kennis neem van ons skoolreëls.

**Ouerdatavorm.** Stuur asb die voltooide vorm Maandag terug na die klasonderwyser.

## SKOOL- & MIDDAGSTUDIEGELD

Die eerste skoolgeldpaalement is voor 7 Februarie betaalbaar.

Middagstudiegeld is kwartaalliks vooruit betaalbaar, maar kan ook per debietorder saam met skoolgeld betaal word.

Ouers wat kwalifiseer vir korting moet ook daarop let dat die keerdatum vir aansoeke 8 Febr is. Sien nuusbrief 1 van 2018 vir volledige inligting.

## BELANGRIKE DATUMS

**25 Jan:** Ken-mekaar bring en braai om 18:00 voor die skoolsaal. Vure, tafels en stoele sal voorsien word. Dis altyd 'n lekker funksie en ons sal graag vir u 'n handdruk wil gee. Ongelukkig is ons rugbyveld buite perke, maar daar is wagte gereël om die motors op te pas.

**26 Jan:** Ons swemgala by die UV swembad. Lees asb die briewe wat u kind ontvang het. Ons begin om 7:30 en sal teen 13:00 klaar wees.. Die Gr 1 & 2 leerlinge swem nie en kom normaalweg skool toe.

**28 Jan:** Tjokkies se Interkerklike diens om 18:00 by die Geloofsentrum Universitas in Strausstr. (Langs Muddplein se veld) Almal meer as welkom. Kinders kom in skooldrag en sit by hulle ouers.

**29 Jan:** Voortrekkers, tennis, skaak en die juniorkoor begin ook die week, soos op die rooster.

Middagstudievergadering om 17:30 in die auditorium. Alle ouers, maar veral nuwe ouers moet asb teenwoordig wees.

**30 Jan:** Voortrekkerkommando-vergadering om 17:00

**1 Feb:** Kleuterskool (Gr R) en Gr 1 aansoeke vir 2019 open.

## VCSV

VCSV vir Gr 4 tot 7 leerders vind plaas elke Donderdag gedurende langpouse. Die VCSV is interkerklik. Moedig asb u kind aan om in te skakel.

## MUSIEK

Juff Hanlie, Maretha en Retha se musieklesse is reeds aan die gang. Maak asb seker dat u 'n omsendskrywe ontvang het met lestye en musiekfooie vir 2018.

## WAGGERY VOOR KLASSE

Die onderwysers vra vriendelik dat ouers nie vroeër as 5 min voor sluitingstyd by die klasse moet wag nie. Hulle is op die stadium nog besig met onderrig en die gee van finale opdragte en geraas wat die voorskoolse en ander skoliere veroorsaak is erg steurend. Wag asb. maar by die sportvelde, snoepie of hekke. Baie dankie vir u begrip.

## STIPTELIKHEID:

Kom ons begin die jaar goed en volhard met stiptelikheid wat 'n goeie deug is. Kinders wat laat kom ontwrig die program en kry onnodig raas.

## BADKAMERS

Ons badkamers word drie keer per dag skoongemaak. Voor skool, sodat dit netjies is vir die oggende, voor 13:00 sodat dit netjies is vir die kinders wat na skool uittrek en dan weer om 16:00 ingeval daar 'n aandfunksie by die skool is. Hierdie reëling word genoodsaak a.g.v. kinders wat in badkamers mors. Leer asb. u kind goeie badkamergewoontes soos om die toilet te trek en nie te mors nie.

## AFLOSONDERWYSERS

Ons benodig van tyd tot tyd mense om af te los wanneer onderwysers kursusse bywoon of siek is. Oud-onderwysers of mamas wat hiervoor kans sien, kan gerus met die kantoor skakel sodat ons 'n databasis kan opstel.

## HEKBORDE (AFLAAIPUNTE)

Hek 1 is die hoofingang  
Hek 2 is leerlinge en personeel-ingang.  
Hek 3 is by die rugbyveld aan die suidekant.  
Hek 4 is by die swembadkant.  
Hek 5 is in Paul Krugerln by die Gr 1 klasse.  
Hek 6 is by die krieketnet. Elke hek het 'n spesifieke kleur ter wille van indentifisering. Kies asb vir u 'n hek wat die beste werk om u kinders af te laai.

**NB!! Soos elke jaar versoek ons ouers om stadig, versigtig en bedag om die skool te ry. Help ook u kind oor die straat. Ongeag ons reëling dat kinders binne die gronde vir hulle ouers wag, hardloop hul soms impulsief oor die pad as hulle julle sien. U kan nooit te versigtig wees nie.**

## HEKTYE

Die skoolhekke open in die oggende om 6:45 en sluit om 7:40. In die middag open die hekke om 12:55 en sluit om 14:00. Hekke 2 en 4 bly egter oop tot 18:00 ter wille van die buitemuurs en middagstudie. Hekwagte van 7:00 - 17:00 by die twee hekke aan diens.

## Middagstudievorms

Elke middagleerling het 'n inskrywingsvorm ontvang wat u moet invul en Maandag terugstuur.

## OMGEE-MAMMAS

Ons is 'n groepie mamas wat op Donderdae oggende om 7h30 bymekaarkom in die personeelkamer. Ons bid vir ons skool, personeel, kinders en verwante sake. Hoop om u daar te sien. Skakel gerus vir Liezl Hiten indien u meer wil uitvind: 071 890 5567

## SKAAK

Skaak het reeds begin soos aangedui op die buitemuurse rooster.

Juf. Esbé Louw is by die beginners in die graad 3 B-klas en juf Marietjie Barkhuizen hanteer die junior- en seniorgroepe in juf Dorette Smith se klas (7D).

## VOORTREKKERS

Dinsdag 30 Jan: Alle nuwe en huidige lede kom om 15h00 voor die saal bymekaar vir die waatlemoenfees. Onthou swemklere!

## KUNS

Kunsklasse by juf Elsabé begin op Dinsdag 30 Jan. Daar is 3 x 1 uur sessies beskikbaar:

14h00 - 14h50

15h00 - 15h50

16h00 - 16h50

Vir meer inligting en om jou tydgleuf te bevestig kontak haar by 072 674 6897.

## WARM HART IN KOUE WATER \*VIR KANKER\*

Juffrou Lianza Grobler is geselekteer om deel te neem aan die "8 Mile Charity Challenge" tydens die Midmar Myl van 10 en 11 Februarie 2018. Sy sal swem om geld in te samel vir Choc Huis (sorg vir kinders met kanker).

Aangeheg 'n pamflet van De Lange & De Klerk Biokinetici wat onderneem het om 50% van alle inskrywings vir hul 12 weke uitdaging hiervoor te skenk.

Ondersteun hulle asseblief, dit is vir 'n goeie saak.

## VALENTYNSDAG IS OM DIE DRAAI!

Geskenkies sal verkoop word van 8 tot 13 Febr. Bring 'n geldjie saam en deel in die pret. Roomys, water, koeldrank en "cup cakes" word op 14 Febr deur die leerlingraad verkoop.

## PREMIESEL NOMMERS

Die skool se premiesel telefoonnommers is as volg:

074 251 0207

074 248 6766

Stoor asb die nommers op u foon, dit sal verskyn wanneer u 'n oproep vanaf die skool ontvang.

## TJOKKIE RUGBY AKADEMIE

Tjokkie rugby-ouers. Ons wil u kind graag uitnooi om deel te kom wees van die Tjokkies Rugby Akademie. Met die oog op die rugbyseisoen wat binnekort begin, wil ons die spelers 'n voorsprong gee en sorg dat hul vaardighede skerp is.

Die Akademie geskied op Vrydae om te verseker dat dit nie met enige skoolaktiwiteite inmeng nie.

Tye:

13h:15 - 14h:00 (Graad 1 en 2)

14h:00 - 15h:00 (Graad 3-7)

Die koste vir die eerste kwartaal is R430 wat registrasie insluit en vir die res van die kwartale R360 per speler.

Eerste sessie begin reeds Vrydag 2 Februarie 2018.

Hoop om almal daar te sien.

Hendrik Ras  
082 578 5948

## KAALVOETKAFEE

Let asb daarop dat die Kaalvoetkafée môre lekker eet- en drinkgoed by die gala gaan verkoop - bring sakgeld saam.

Daar sal egter ook 11h00 by die skool 'n snoepie wees vir die graad 1 en 2 leerders wat 'n normale skooldag het.

## SNUFFELS

Rakkertjie Rob Swemskool - Waterveiligheid en stylafrigting. Bepaalde aantal plekke beskikbaar. Kontak Jakkie by 084 2344 167

## Purple Cat Drama Studio

Kunswedstryd - Eksamens - Redenaars - Klasmondeling - Vertonings - Lees

Gr RR - 12. Eng en Afr-klasse 2018 Produksie: "Around the world".

Kontak Liena vd Merwe by 083 743 1856

(S.A. Sprak en Drama Eksaminator, Redenaars en Kunswedstrydbeoordelaar)

meerkatkolonie  
PAINTBALL • MINIGOLF • TEAMBUILDING • LAPA • PLAY-AREA  
**ADVENTURE**  
KIDS  
BOOTCAMP  
Contact:  
Pieter  
083 281 8367  
079 664 6814  
meerkatkol@gmail.com